

TERUGVOER RAKENDE MODERERING

Inleiding:

Die twee rondes van die provinsiale moderering het in Junie en September 2023 plaasgevind waar skole vanuit al agt distrikte in die Wes-Kaap gekies is.

Vir die modereringsproses is 11 vakke geïdentifiseer:

Rekeningkunde, Besigheidstudies, Verbruikerstudies (slegs Ronde 1), Ekonomie, Engels Eerste Addisionele Taal, Geskiedenis, Lewensoriëntering (LO), Lewenswetenskappe, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, en Fisiese Wetenskappe

- Vyf skole is per vak uit elke distrik gekies, en die skoolgebaseerde assesserings (SGA's) uit leerderportefeuljes (hoë, gemiddelde, lae prestasie) is gemodereer. Altesaam 1 320 portefeuljes is as bewys vir elke ronde van provinsiale moderering ingedien.
- In ses van die agt distrikte was daar vakante poste vir vakadviseurs vir die geselekteerde provinsiale moderering. In die afwesigheid van 'n vakadviseur, is 'n leieropvoeder aangestel om die modereringsproses te monitor.

Alle modereringsvlakke (skool, distrik, provinsie, Departement van Basiese Onderwys (DBO) en Umalusi) kyk na gepaste benaderings vir gehalteversekering wat funksionele SGA-stelsels vertoon met assessering van die taak voor dit aan die leerders gegee word, en moderering van leerderbewyse. Dit moet deur skole, distrikte en die provinsie gemonitor word om te verseker dat effektiewe en tydige terugvoering vir groei en ontwikkeling verskaf word.

DBO-omsendbrief E06 van 2022 oor riglyne vir die gehalteversekering van skoolgebaseerde assessering, praktiese assesseringstake en mondelinge assessering in taal vir graad 10 tot 12, gedateer 05 April 2022, is ook in Assesseringsbestuurminuut 0006/2022, gedateer 05 Mei 2022, versprei. Dit verskaf 'n gepaste benadering tot gehalteversekering wat dien om die betroubaarheid en geldigheid van SGA's te verseker. Hierdie riglyne verskaf direkte aan alle amptenare van die DBO, provinsiale onderwysdepartemente, vakkundiges, prinsipale, opvoeders en leerders oor die gehalteversekering van SGA's.

Algemene areas wat kommer gewek het en in 2023 tydens die provinsiale moderering van SGA's in graad 12 opgemerk is

Die volgende areas waarop gelet moet word, is generies en hierdie aanbevelings verwys na algemene goeie praktyk.

WAAROP GELET MOET WORD	AANBEVELINGS
<p>Opvoederlêers</p>	<p>Moet tersaaklike beleide bevat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring (KABV), Omsendbrief S4 van 2021 (Implementering van Verkorte Weergawe van die KABV Afdeling Vier, Wysigings in Graad 12), gedateer 12 Maart 2021, Assesseringsprogram (<u>gedateer</u> om beplanning te wys), Jaarlikse Onderrigplanne (JOP'e) (<u>gedateer</u> as werksdokumente om dekking van die kurrikulum te kontroleer) en alle gewysigde eksamenriglyne. • Departementele hoofde moet toesien dat opvoeders alle tersaaklike inligting ingevul en ingehandig het. • Daar moet bewyse wees van moderering vooraf en ook moderering na afloop van die taak.
<p>Rekordblaaië</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Dit moet geverifieer (onderteken) word deur die Hoof van die Departement, prinsipaal, distriks- en provinsiale amptenare. • Bewyse word benodig wanneer geen (nul) punte gegee is of indien afwesigheid aangemeld is. • Gemodereerde punte moet na rekordblaaië oorgedra word. • Puntestate moet volgens klasse, alfabetiese en in merietevolgorde vir die hele graad aangebied word.
<p>Moderering van assesseringstake en leerderbewyse</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Daar moet 'n aaneenlopende rekord van vooraf-moderering wees, wat deeglike moderering vooraf insluit en wat sal help met foutlose assesserings. • Bewyse van sinvolle gehalteversekering moet bewaar word. • Konstruktiewe en ontwikkelingsterugvoer is belangrik. • Moderering moet die hernasien van leerders se antwoorde behels wat met 'n groen pen (op skoolvlak), 'n oranje pen (op distriksvlak) en 'n pienk pen (op provinsiale vlak) aangebring is. • Moderering op distriksvlak is veral nodig om nuwe onderwysers te ondersteun.

	<ul style="list-style-type: none"> • Skole se modereringsbeleide moet deur middel van werksessies met personeel saamgestel word. • Professionele leergemeenskappe/-klusters word aanbeveel – veral waar daar nie vakkundiges is om te modereer nie. • Terugvoer aan leerders moet verskaf word en remediërende strategieë moet geïmplementeer word om leerderprestasie te verbeter.
Gehalte van assesseringstake en instrumente	<ul style="list-style-type: none"> • Verbatim gebruik van ou vraestelle word nie toegelaat nie – dit moet aangepas word aangesien die integriteit van die taak deur die woordelike gebruik van ou vraestelle in gedrang kan kom. • Moet aan die KABV voldoen – verouderde rubrieke moet nie gebruik word nie. • Voorgeskrewe gewigsbepalings en kognitiewe vlakke moet in ooreenstemming wees met die KABV en JOB'e. • Roosters vir kognitiewe ontleding moet alle SGA-take vergesel om die korrekte dekking en die verskillende kognitiewe vlakke en moeilikheidsgraad te verseker.
Nasienstandaarde	<ul style="list-style-type: none"> • Alternatiewe geldige antwoorde moet by nasienriglyne bygevoeg word om akkurate en konsekwente nasien deur alle nasieners te verseker. • Konsekwente nasienbeginsels moet toegepas word. • Opleidingswerksessies moet bygewoon word.
Aanbevelings	<p>Stappe om te oorweeg wanneer eie take opgestel word:</p> <p>(a) Basiese rekenaarvaardighede en tegniese uitlegbeginsels moet toegepas word.</p> <p>(b) Stel vraestelle op wat soos die Nasionale Senior Sertifikaat-vraestelle vir graad 12 lyk.</p> <p>(c) Vestig sterk modereringspanne op alle vlakke.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bemiddeling van praktiese assesseringstake (PAT's) is baie belangrik – fokus daarop dat die take korrek aangebied word en pas die nasienriglyne om leerders te assesseer, korrek toe. • Alle leerders moet op die dag waarop die PAT's afgeneem word, die bywoningsregisters onderteken.

Moderering deur Umalusi en die DBO in 2023 het baie van die bogenoemde aanbevelings verskaf. Let op verdere aanbevelings wat gemaak is:

Aanbevelings	Opvoederlêers moet alle tersaaklike besonderhede insluit: Naam van opvoeder, skool, distrik, provinsie, vak en OBIS-nommer.
	Alle bewyse van moderering (skool, distrik, provinsie) moet duidelik in die opvoederlêers verskyn.
	Opvoederlêers moet netjies en sistematies gerangskik wees – insluitend ALLE take wat voltooi is en hul onderskeie nasienriglyne/rubrieke.

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement moet voortgaan om ondersteuning aan skole en distrikte te verleen en toesien dat al die aangeleenthede wat in die verslae geopper word, dienooreenkomstig hanteer word.